(RAPPORT 26-8-2007 bls 11)

Tokkelokke se web 'besoedel'

CARIEN KRUGER
Pretoria

'n Kuberkraker het die webblad van die teologiese fakulteit by die Universiteit van Pretoria binnegedring en besoekers herlei na effe onheilige advertensies waardeur mans en meisies mekaar kan ontmoet.

Besoekers aan www.teo.co.za is verlede naweek herlei na 'n blad met onder meer advertensies vir "*black dating*" "*single girls*" en "*single men*".

Dié inbraak het gebeur terwyl 'n storm woed oor NG teologiese opleiding by die fakulteit.

Benewens 'n DVD waarin sekere dosente in die spervuur geplaas word, het die ring van Louis Trichardt besluit om 'n vertrouensbreuk met die fakulteit te verklaar.

Die inbraak by die webblad was 'n dag nadat dosente die DVD met studente bespreek het en vier dosente se reaksie op die blad geplaas is.

Dr. Gerda de Villiers, webredakteur, sê sy het die inbraak verlede Vrydagaand ontdek. Die blad was teen Sondagoggend herstel.

Oor die ring van Louis Trichardt se besluit wou ds. Petrus Kriel, ringvoorsitter, hom die afgelope week nie uitlaat nie omdat sekere gesprekke eers gevoer moet word.

Sowel die fakulteit as die vervaardiger van die DVD *"Nuwe" strominge in die teologie* kry intussen uit alle uithoeke van die land reaksie op die omstrede DVD.

Die kuratorium van die fakulteit het hom in 'n verklaring sterk uitgespreek teen die manier waarop "die opstellers van die DVD op 'n onbillike wyse die uitsprake van dosente buite konteks aanhaal ten einde hul eie voorafopgestelde oogmerke te bereik".

Dit wek volgens die kuratorium die indruk van doelbewuste verdagmakery.

Die DVD bevat beeldmateriaal van verskeie teoloë se uitlatings oor onder meer Jesus se maagdelike geboorte, sy kruisdood en opstanding.

Van die Tuks-dosente se uitlatings word verbind met dié van Nuwe Hervormers en lede van die Jesus-seminaar wat die letterlike waarheid van dié gebeure betwyfel.

Mnr. Sarel van der Merwe, vervaardiger van WTL Bedieninge en Multimedia Produksies aan die Wes-Rand wat die DVD gemaak het, sê hy het self die draaiboek geskryf.

Hy is 'n oud-TV-regisseur van godsdiensprogramme en tans 'n NG lidmaat ná vorige betrokkenheid by New Age en die okkulte.

Hy is verlede jaar aangegryp deur die saak van mnr. Ferdi Mulder, 'n teologiese student wat dosente in die fakulteit van dwaalleer aangekla het, maar die sake verloor het.

Met die DVD wil hy lidmate bemagtig en "hulle laat agterkom wat aan die gang is sodat hulle nie soos skape agter teoloë aanloop nie".

"Ek's geroep om 'n wagter op die mure te wees. Hulle gaan my waarskynlik kruisig en verwerp."

Van der Merwe was in Julie by die byeenkoms waar die EI tot stand gekom het, maar volgens hom en prof. Hoffie Hofmeyr, voorsitter van die EI-stuurkomitee, is daar geen regstreekse verband tussen die EI en die DVD nie.